Harties NG Poortbode 2024

Datum: 14 April 2024
Prediker: Ds. Johan de Wet
Teks: Rom. 6:1-8
Tema: Saam met Christus gesterf, nou saam met Hom lewe!

Kantoor: Angie - 012 253 1991x100
E-pos: kantoor@hartiesng.org
Poortbode: Marianne - 012 253 1991x106
E-pos: komm@hartiesng.org

WEEKPROGRAM

Sondag	14/04	08:30	Voorbidding	Gebedskamer
		09:00	Erediens	Kerkgebou
		09:00	Voete– en Juniorkerk	Jeugsentrum
		17:30	Seniorjeugkerk	Jeugsentrum
Dinsdag	16/04	18:00	L • I • F • T	Jeugsentrum
Woensdag	17/04	09:00	Senior– en Vrouebybelstudie	Jeugsentrum
		18:30	Vrouebediening: Openbaring	Jeugsentrum
Vrydag	19/04	06:00	Mannebiduur	Kerkgebou
Saterdag	20/04	09:30	Onderhoude met leraars	Jeugsentrum

HEILSMUUR

Die Lam van God
Joh.1 :29 en Jes. 53:5

1. Ja, Jesus het gekom, om ons sondes op Hom te neem. (Jesaja 53:5: Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.)
2. Johannes die Doper, herken Jesus as Jesaja se lydende Kneg. Joh. 1:29: "Daar is die Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem. Ek doop met water, maar Hy doop met die Heilige Gees."
3. Nou kan elkeen wat glo, dat Jesus die Verlosser is, die poorte van die Nuwe Jerusalem ingaan.
4. Dankie Jesus, vir U liefde. Maak ons waardig, as u kinders. Amen.

Gebedsversoeke

Ons dra die volgende lidmate aan die Here op. Mag hulle Sy genade, liefde en versorging op 'n kosbare wyse ervaar.

1. Ben Naudé: sy herstelproses is stadig en ry maar wipplank.
2. Pierre Jansen: dit gaan baie sleg met hom.
3. Dawid Bos van Rustenburg: hy het kanker en verduur geweldige pyn.
4. Lynn-Marié du Plessis: sy het 'n suksesvolle voetoperasie ondergaan. Sy het egter nog heelwat pyn en sterk tans tuis aan.
5. Wendy Barnardo: haar broer, Henry, se wonde herstel goed. Hulle sê opreg dankie vir al die ondersteuning en gebede.
6. Jan van den Heever: hy moet drie stente in sy hart kry, maar het nou 'n bloedklont in sy been.
7. Wind– en vloedskade: ons dra almal wat op een of ander wyse skade gely het, aan die Here se sorg op.
8. Beroeping: die onderhoude vind Saterdag 20 April plaas: ons bid vir leiding, insig, eensgesindheid, vrede en genade. Soli Deo Gloria!

Gee gebedsversoeke asseblief voor Woensdae 12:00 deur aan:

Wendy Barnardo 072 159 6777

Zapper-kode vir dankoffers

Bankbesonderhede:

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA, Reknr: 0640 580 364

Baie dankie aan elke lidmaat wat getrou bydra, sodat die werk van die Here kan gebeur. Die volgende opsies om jou dankoffer te gee, is beskikbaar: EFT, Zapper, kontant of 'n DEBIETORDER. Debietordervorms is op ons webblad of by die kerkkantoor beskikbaar.

Ons kuier saam...

Sondag 14 April
Susan en Daneria
Sondag 21 April
Hanlie en Netta

Indien jy graag wil help tee en koffie skink, kontak gerus vir Lee Ann by:
073 817 0323

Afsaal Kleuterskool

Kombersieprojek: **Dankie aan elkeen wat 'n kombers gemaak het. Daar word nog 17 kombersies benodig. Daar is wol in die kerkkantoor beskikbaar, vir iemand, wat nog graag wil help.**

Die 17 kombersies wat klaar is, word Maandag 10:00 by die kleuterskool oorhandig. Jy is welkom om ook teenwoordig te wees.

Kontak Susan: 072 130 3339

Verf van die pallisade-heining: **Daar word emaljeverf vir die verf van die heining benodig. Ons wil graag die heining met die primêre kleure verf. Blou, groen, rooi en geel emaljeverf sal baie welkom wees, maar wit emaljeverf kan ook gebruik word.**



Kontak Chevaune: 083 616 7741